

Boekresensies / Book Reviews

Tristia in perspektief

Helize van Vuuren 1989

Kaapstad: Vlaeberg

1

Onder die enigsins ambisieuse titel *Tristia in perspektief* pak die Universiteit van Natal-literator Helize van Vuuren 'n studie oor Van Wyk Louw se *Tristia* aan. Om na N.P. van Wyk Louw se *Tristia* as 'n "grootse" of "ingewikkelde" bundel te verwys, is 'n cliché.

Nie alleen is Van Wyk Louw een van die grootste (dié grootste?) Afrikaanse digters nie, maar sy ruim *oeuvre* bied interessante materiaal vir die skerpsinnige en speursinnige kritikus.

Helize van Vuuren is 'n speursinnige kritikus. Sy ontdek soos 'n literêre James Bond allerhande geheime tekste; of sy egter 'n Sherlock Holmes is, val te betwyfel. Daarvoor is haar begrippeapparatuur nie altyd in orde nie – veral weens 'n vae teoretiese omskrywing – en word die toepassingsmoontlikhede nie genoegsaam ontgin nie.

Die skryfster stel haarself ten doel om *Tristia* in historiese konteks te plaas. Dit is op sigself 'n gróót opgawe (maar "ag nou ja: Bond het 'n 'licence to kill'"; 'n literator het sekerlik 'n reg tot grootdoenerigheid?, wat veral binne ons postmodernistiese tydvak van 'n teks-het-vele-leesmoontlikhede 'n bietjie vreemd aandoen. Enersyds wil sy die teks oopmaak, andersyds dit ook plaas binne die maatskaplike opset van Suid-Afrika binne die laat twintigste eeu.

Van Vuuren maak ons ook daarop attent dat Van Wyk Louw se *Die mens agter die boek* (1956) 'n soort taboe geplaas het op die snuffeldrang van enige literator. Psigoanalities beskou, is sodanige taboe juis 'n rigtingwyser vir die skerpsinnige leser wat sal weet dat daar uit die immer verholde gedagte verdere gedagtes te put is (met apologie aan Van Wyk Louw). En Van Vuuren skram nie weg van die sogenaamde outobiografiese nie, juis omdat die persoonlike/psigologiese/emosionele onderlaag een van die sterkste eenheidsbindende struktuurmiddele (soos sy dit noem) in die bundel is.

Daar is veel van waarde in hierdie kritiese bundel. 'n Mens kan veral baat vind by die speurwerk. Teoreties gesproke is die bundel vaag en selfs by tye slordig ingestel. Vermoedelik omdat die skryfster op té veel missies gestuur word. Die Beretta word letterlik op te veel teikens leeggeskiet – maar dis kort en kragtige sarsies.

So byvoorbeeld word daar struktureel en intertekstueel en psigologies en maatskaplik gekyk na die teks *Tristia*. Nes 'n mens dus jouself begin oriënteer, pak sy reeds 'n nuwe frenetiese missie aan. En M., ons bo-baas kritiese leser, word dus nie oral bevredig nie.

Om byvoorbeeld *Tristia* in historiese konteks te plaas (hoofstuk 8) veronderstel 'n ideologiese ingesteldheid wat wil vra: is dié teks nog relevant vir ons

tyd? (Interessant genoeg het Wilhelm Liebenberg, 'n Marxistiese kritikus, 'n Ph.D.-studie oor dié teks aangepak!) In hierdie hoofstuk word 'n hele paar veralgemenings met betrekking tot die huidige Suid-Afrikaanse letterkunde gemaak wat nadere beskouing behoeft.

Volgens Van Vuuren is die "bewieroking" en mistifisering tans deurbreek, omdat die meeste "duister" tekste ónthul is. Die skryfster kom tot die verstommende ontdekking: nou in 1990 is dit 'n ander resepsieruimte waarbinne die bundel gelees word! Werklik?

Sy wys op die bekende skisma dat ons in Afrika en ván Afrika is maar tog 'n verflouing van Europa en Europese romantiek waarneem. (Interessant genoeg vind ons in *Tristia* ook so 'n breuk: net, hy leef in Europa en probeer (Suid-)Afrika romantiseer.) Volgens haar is Breytenbach tans die belangrikste digter in Afrikaans. Sy verwys na hom as die "toonaangewendste stem" (p. 124) sonder, ek moet u meedeel, dat Wilma Stockenström, T.T. Cloete, Sheila Cussons óf Ernst van Heerden *enigsins* vermeld word. Sy kwalifiseer dan ook haar stelling met 'n "ongetwyfeld". Volgens welke standaarde, vra 'n mens jousef af? Volgens die ideologiese maatstawe wat kennelik in dié hoofstuk enige toetsbare kennis begin oorwoeker.

Of is Breytenbach die hooffiguur volgens die kriterium van Afrikagerigheid? Dit blyk vir Van Vuuren 'n kriterium te wees, want sy skryf: "By Louw kan die omgekeerde proses aangetoon word. Hy is 'n gewilde banneling in Europa, sy oë is na Europa en sy beskawing gedraai, weg van die vaderland wat hy doelbewus agtergelaat het" (p. 125). *Pardonna mia!* Maar dit is loutere onsin wat 'n mens laat wonder of Van Vuuren hoegenaamd "Karoo-dorp: someraand" onder die oog gehad het.

Nog is dit het einde niet. Die Eurosentriese lokalisering en sterk individualistiese en intellektuele perspektief bied die eietydse leser 'n *ontvlugtingskans* "deur die verbeelding wég van sy eie dringende en skynbaar onoplosbare aktualiteite" (p. 125). Selfs die verskonende maar-miskien-het-poësie-nog-altyd-die-vermoë-besit kan 'n mens nie verder laat twyfel nie: Helize van Vuuren het *Tristia* miskien gelees en selfs 'n paar vreemde bronne "ontdek" – maar dit beteken nog lank nie dat sy dié teks of die poësie as sodanig begryp nie.

"Groot ode" of *The wasteland* voer 'n mens nie weg van die aktualiteite nie; intendeel, die wêreld waarna dié tekste verwys (het), word akuut vir die leser van daardie tyd opgeroep. En dit bly grootse poësie.

Volgens Van Vuuren neem wit Afrikaanse digters nie kennis van die leefruimte om hulle nie. Sy skryf: "Terwyl bundel op bundel swart Engelse, betrokke poësie geskryf word, lyk dit asof die Afrikaanse digters skaars kennis neem van Afrika of die eskalerende geweld en versplintering om hul heen. Die ruimte wat deur die meeste kleiner Afrikaanse oeuvres beskryf word, is die intieme binneruimte van 'n individu en sy psigiese kontorsies, oënskynlik onaangeraak deur die gewelddadige Suid-Afrikaanse buite-wêreld van die laat twintigste eeu" (p. 126). Tog wanneer sodanige digters betrokke metafore ("necklace" ens.) aanwend, is Van Vuuren die eerste resensent om hul te kapittel vir sosiale ongevoeligheid. Miskien is die binnekyk-proses juis psigologies te verklaar: die wêreld is so onherbergzaam dat die individu juis *hierom* soveel dig?

Vir Van Vuuren is Antjie Krog 'n welkome verskyning omdat sy die "struggle" direk beskryf. Vir die meer verholde verse van sê byvoorbeeld *Tristia* het die sosiaal-bewuste leser minder trek. Want Van Vuuren sê met dodelike erns dat dit beslis nie meer gaan om die "rykheid" en "grootseid" in *Tristia* nie. Dit is eerder die insig in die stryd tussen lyflike geweld en menslike gees, tussen die donkerte en die lig, waarin die maatskaplike relevansie lê. Terselfdertyd smag sy na die intellektuele en sy strewende na die "hoogtes" van die gees – net nadat sy by implikasie dié strewes gedekonstrueer het.

2

Daar is egter meer aan die studie as net die slothoofstuk. Ms. Van Vuuren trap minder literêre klei wanneer sy net besig is met speurwerk. 'n Duidelik afgebakende opdrag dus. Want wanneer haar gewete begin intree en sy verdedig, nou ja. Dan werk dit nie meer nie. Dan kry ons sulke teenstrydige argumente soos hierbo genoem.

Ons sal Helize van Vuuren immer (in plaas van die wingerd) prys vir haar snuffelaard. Nou kan ons tog "Saltimbanque en vriendin" beter begryp en "Frans skielik" verstaan. Ofskoon Opperman gesê het dat Van Wyk Louw soos 'n waaistertjakkals ál sy spore doodgegee het, was die geluk telkens aan Van Vuuren se kant. "The girl with the golden gun."

Maar *hoe* sy met haar lofryke informasie werk en dit toepas, sal die meer ingeligte leser nie oral bevredig nie. Sy werk in die geheel beskou té kripties met die tekste, en wanneer sy op bladsy 12 beginne filosofeer oor die twee soorte lesers, wil 'n mens darem 'n bietjie méér teorie sien. In 'n studie oor *Tristia* moet 'n mens darem nie misdoen in die skoene van die grotes nie. Ook nie met besuinigings werk nie.

Of beslis nie uitsprake maak soos die volgende nie: "Met die meeste 'duister' verse nou, 25 jaar later, verhelder, bly die vraag oor kwaliteit. As die stof gaan lê het oor die navorsing, en die ondersoeker sy intellektuele plesier gekry het, is dit nie sodanig die verwikkelde Eurosentryse verse wat hom bybly nie. Dis die 'oop' liriese verse wat onmiddellik toeganklik is vir begrip met 'n sterk Suid-Afrikaanse beeldgebruik..." (p. 25). Dit is een van die mooiste momente van self-dekonstruksie in die Afrikaanse kritiek. Daar word gewroet om die verlore spore na te volg – en dan sê sy in dieselfde asem dat 'n mens eerder, na alles, gesjarmeerd word deur die meer toeganklike Suid-Afrikaans-gerigte gedigte. Waarom dan sóveel tyd aan die moeilike verse spandeer? Of is ons hier as "closet"-ideologiese kritikus oorval met 'n skuldgevoel dat alles relevant en toeganklik en van-Afrika moet wees?

3

Die subtiliteite van 'n diepsinnige Sherlock Holmes gaan u nie in hierdie teks vind nie. 'n James Bond se spel met geheime en uitvindings, ja. Kies maar self die skerpsinnige en speursinnige leser/kritikus.

Joan Hambidge, Universiteit van die Noorde

Iets van 'n uilskuiken

Ia van Zyl 1990

Pretoria: HAUM-Literêr (HAUM-Literêr Gidsreeks nr. 3)

Iets van 'n uilskuiken deur Ia van Zyl verskyn in 1990 as “die derde van HAUM-Literêr se reeks gesaghebbende werke wat begeleiding by die literatuurstudie bied”.

Die boek begin met 'n kort inleiding oor Anna M. Louw as mens, die sogenaamde konkrete skrywer. Vervolgens word in opeenvolgende hoofstukke al Anna M. Louw se werke behandel: eers die dramas, dan die reisprosa, die vroeë fiksionele prosa, die vier groot romans en die vier novelles in *Die loop van die rivier*.

Die boek bevat heelwat handige inligting, oor die skrywer self en oor haar werk. Daar word deurlopend na vroeë resensies van die werke verwys en daar word ook na ander kritici se beoordelings van die werke verwys. Die tekste word histories geplaas en daar word elke keer een of ander aspek van die teks bespreek of geanaliseer. Ten slotte word elke teks binne die oeuvre van die skrywer geplaas en geëvalueer. Die evaluering sluit Van Zyl se eie mening in, maar daar word ook baie aandag gegee aan ander literatore se uitsprake oor die tekste.

Die tekste word volgens verskillende teoretiese benaderinge behandel. In die bespreking van die dramas word heelwat aandag gegee aan genre, byvoorbeeld wat 'n eenbedryf (p. 5), 'n blyspel of 'n klug (p. 9) is. Verder word *Goud* ontleed volgens die klassieke dramastruktuurmodel van Aristoteles se *Poëtika*, terwyl die ander dramas se verhalende struktuur volgens narratologiese metodes bespreek word.

Aan die einde van die hoofstuk oor die reisprosa word verskillende teoretiese benaderinge oorsigtelik behandel. In altesaam ongeveer vier bladsye word verduidelik hoe die volgende teoretiese benaderinge daar uitsien en hoe daar in hierdie benaderinge te werk gegaan sal word: die resepsie-estetiese, die biografiese, die psigoanalitiese, die dekonstruktiewe (een paragraaf), feministiese, sosio-kulturele en sosio-psigologiese benaderinge. Later word daar weer na van hierdie benaderinge verwys óf in 'n verdere uiteensetting (p. 59–63) óf deur dit te gebruik in 'n tekstoepassing.

Die letterkundige werk as taalhandeling of kommunikatiewe handeling word as vertrekpunt gebruik vir die bespreking van die kortverhale en vroeë prosa terwyl die lesing van die romans gedoen word aan die hand van die semiotiek.

Die boek sluit af met 'n kort hoofstuk oor “Die persoonlike mite van Anna M. Louw”.

Die boek bevat dus teorie en teksbespreking en inligting oor die skrywerspersoonlikheid van Anna M. Louw. Dat 'n skrywer van die statuus van Anna M. Louw dit verdien dat 'n hele boek aan haar werk gewy word, ly geen twyfel nie. Trouens, daar kan baie boeke oor haar boeke geskryf word sonder om die terrein uit te put. Maar met hierdie poging het ek ernstige probleme.

Dit is duidelik dat die opset van die boek sterk didakties is en op sigself is daar nie fout mee te vind nie. Die klem val baie sterk op direkte, ferm uitsprake oor die tekste en oor die skrywer se werk in die algemeen. As sodanig kan die boek as 'n inleiding dien vir studente. In die Voorwoord staan daar: "Daar is in hoofsaak eksemplaries te werk gegaan om aan hoërskoolleerlinge, kollege- en universiteitstudente riglyne te verskaf vir die bestudering van afsonderlike werke ... In die loop van die besprekings – wat progressief meer ingewikkeld raak om aan die vereistes van leerlinge sowel as studente te voldoen – kom verskillende literêr-teoretiese benaderingswyses aan die bod".

Miskien is dit die didaktiese oogmerke wat Van Zyl in die slaggate laat trap het. Myns insiens is daar te veel en te min in die boek. Die teorie word uiters oorsigtelik behandel en dit beperk die teoretiese waarde van die boek. Aan die ander kant is die teksbesprekings self ook nie werklik diepgaande of deeglik nie, sodat nóg teorie, nóg die tekste self werklik deeglik genoeg aandag kry.

Vir 'n onervare student of leser is die teoretiese uiteensettings te oppervlakkig om die ingewikkelde konsepte en metodes te verduidelik. Vir die student wat al iets van teorie en literatuur weet, is die ylheid van die teorie ook weer ontoereikend. Die teoretiese begronding van die boek staan vir my ernstig onder verdenking. Die oppervlakkige aanbieding van teoretiese konsepte bring mee dat die teorie oorvereenvoudig word. Teorie bestaan tog nie uit die gebruik van terme nie (en hier lyk dit soms asof daar slegs terme uitepak word): dit gaan om verskillende en uiteenlopende maniere van dink oor literatuur en oor tekste.

Dit wil byvoorbeeld voorkom asof Van Zyl nie self baie duidelikheid het oor die verskil tussen die analise van die struktuur van 'n teks en 'n strukturalistiese analise van 'n teks nie. Sy gebruik die term *teken* op 'n ongewone manier as sy praat van "afsonderlike struktuurelemente en hul funksies as *tekens* t.o.v. die aard en intensie van die *geïmpliseerde skrywer*" (p. 59, vgl. ook p. 25). Daar word telkens melding gemaak van tekens wat sal aandui hoe die teks gelees moet word in die semiotiese analise van die romans. Dit wat Van Zyl hier teken noem, sou ek gewoon 'n kunsgreep wou noem. Die semiotiese opvatting van die teken dui op iets heel anders as 'n besondere tekselement. Die volgende uitspraak is ook problematies: "Die ikoniese gebruik van die woord 'duiwel' (d.w.s. die gebruik van die woord om te fungeer as *teken* van iets anders)..." (p. 76). Die mees algemene verduideliking van die term teken is tog dat 'n teken enigiets is wat staan in die plek van iets anders. 'n Ikoniese teken is 'n bepaalde soort teken, naamlik 'n teken wat lyk soos die ding waarvoor dit staan, byvoorbeeld 'n foto of 'n beeld.

Die uiteensetting en gebruik van die begrip isotopieë is ook nie baie duidelik nie. Verhaalisotopie word gelykgestel met verhaallyn, maar 'n verhaallyn is gewoonlik 'n reeks tekselemente, die verhalende gegewe, terwyl die isotopieë die verskillende meerduidige betekenisse aandui. Soos Van Zyl die terme gebruik, is dit moeilik om te onderskei tussen 'n abstrakte isotopie en 'n verhaalisotopie aangesien in haar gebruik albei terme abstrakte

betekenis aandi. 'n Verdere probleem hier is die feit dat die isotopieë genommer word, byvoorbeeld VI1-VI16 in *Op die rug van die tier*. Dit lei daartoe dat die volgende sin in die bespreking van hierdie roman voorkom: "Al die verhaalisotopieë in *Tier* kan herlei word tot VI14 as GVI, terwyl die ooreenstemmende *abstrakte isotopie*, AI8, as GAI beskou kan word" (p. 84). As daar iets is wat studente en skoliere (en selfs literêre kollegas) afskrik, is dit so 'n skematisering van 'n roman tot 'n reeks formules. Die warmte en lewenskrag van die roman verdwyn heeltemal op die agtergrond as daar op hierdie manier oor 'n teks gepraat word. Hierdie werkwyse is juis een van die dinge wat die Strukturalisme so ongewild gemaak het. (Strukturalistiese teksanalises hoef in elk geval nie so te lyk nie.)

Dit wil vir my voorkom of die probleem eintlik dieper lê as net die aanvegbare gebruik van sekere terme. Ek kry deurgaans die indruk dat die teoretiese raamwerke en die teksbespreking nie grondig geïntegreer is nie. Die duidelikste voorbeeld hiervan is die oppervlakkigheid waartoe dekonstruksie gereduseer word (vergelyk p. 8 en 62). Daar bestaan nog te veel die opvatting dat teorie iets is wat "gebruik word" en dat enige interpretasie of teksanalise in enige teoretiese terminologie uitgedruk kan word. Teorieë het met dieperliggende denkpatrone te make as met terminologie. Om telkens te toon dat hierdie of daardie uitspraak ook in terme van 'n ander teorie geformuleer kan word (vergelyk p. 89), toon wel dat die ondersoeker daardie teorie en sy terme ken, maar dit bewerkstellig nie noodwendig 'n lewensvatbare betoog oor die teks nie.

Dit sou vir my aanvaarbaarder wees indien iemand in 'n ouer teoretiese raamwerk soepel en warm oor 'n teks skryf as om meganies deur al die teorieë te draf.

Daar is seker baie bruikbare uitsprake oor die tekste self in die boek, maar dit pla my baie dat in die bespreking van *Kroniek van Perdepoort* geen melding gemaak word van genade nie. Die basiese opposisie in die roman word beskryf as dié tussen wet en wetteloosheid en die tweede motto (dié van Dame Julian van Norwich) word as slegs ironies gesien: "Die einde van die tweede motto ('It behoved that there should be sin, but all shall be well, and all shall be well, and all manner of thing shall be well') kan beslis nie van toepassing gemaak word op hierdie roman, waar daar ten slotte niks oorbly wat as 'well' bestempel sou kon word nie. Dit dui op 'n *ironiese visie*" (p. 69).

Al is ons deesdae baie toegeeflik as dit by interpretasie kom en al word uiteenlopende interpretasies as gangbaar en geldig aanvaar, is daar iewers 'n grens. En vir my lê die grens duskant 'n interpretasie van *Kroniek van Perdepoort* waarin genade geen rol speel nie. Die roman word meestal beskou as 'n romanmatige uitwerk van die spanning tussen sonde en genade en die werking van die wet in hierdie spanningsveld – vandaar Koos Nek se "salige" oudag, vandaar dat die roman eindig met Klaas se enigste liefdeservaring. 'n Mens sou sekerlik ander interpretasies van die roman kon maak, maar ek dink dat 'n verskil van mening oor 'n kernaspek van die roman in 'n gesaghebbende werk oor Anna M. Louw uitvoerig beredeneer sou moes word.

Die boek is netjies uitgegee deur HAUM-Literêr. Daar kom 'n register van

terme voor agter in die boek en dit maak dit maklik om sekere terme op te spoor. Ek wonder maar net of daar nie 'n ander manier is om sulke terme in die teks aan te dui nie. Die feit dat in elke reël of twee daar 'n gekursiveerde woord is, word baie hinderlik. Daar word na dié probleem verwys in die Voorwoord, maar die kursivering is nog te veel. Die leser stuit telkens op die gekursiveerde woorde. Dit voel asof 'n mens na iemand luister wat afgemete praat en elke nou en dan 'n woord beklemtoon. Miskien moet die woorde net gekursiveer word waar dit die eerste keer gebruik word of, nog beter, slegs waar dit gaan om 'n uitdruklike verduideliking van die term. Die teks verloor geweldig baie aan vloei as gevolg van hierdie tipografiese onrustigheid.

Hierdie boek kan gebruik word as 'n beperkte inleiding tot die werk van Anna M. Louw en as 'n uiters oorsigtelike illustrasie van die gebruik van literêre teorieë.

Heilna du Plooy, PU vir CHO

Psigoanalise en lees

Joan Hambidge 1989

Pietersburg: J & J

In die bundel opstelle *Psigoanalise en lees* (1989) heropen Joan Hambidge die debat in Afrikaans oor die psigoanalise as leesbenadering tot die letterkunde.

In *Swaarte- en ligpunte* (1958) het N.P. van Wyk Louw die psigologisme beskryf as een "van die fonteine van baie verwarring, baie bedrog en selfbedrog" (p. 130) van die moderne lewe. Ongetwyfeld het hy onder die term "psigologisme" ook die psigoanalise verstaan. Veral die siening dat die gedig 'n dokument is waaruit feite omtrent die sielelewe van die skrywer af te lei is, was vir hom kettery. Die gevolg was dat die enkele Afrikaanse psigoanalitiese ondersoek van 'n skrywer se oeuvre, naamlik M.P.O. Burgers se *C.L. Leipoldt: 'n studie in stof-keuse, -verwerking en -ontwikkeling* (1960) in die vergetelheid geraak het. 'n Ander studie in Afrikaans wat die problematiek van die psigoanalise aanraak, is Anita Lindenberg se *Geteleskopeerde visie* (1976). Die psigoanalise word hier gesien as deel van die stof wat Dolf van Niekerk verwerk het in sy roman *Die son struikel*. Passasies in die roman met opsigtelike Oedipale eienskappe word verklaar aan die hand van die bewuste invloed wat die psigoanalise op Van Niekerk uitgeoefen het in plaas van as teksformasies wat die werkinge van die onbewuste verraaie.

Een van die tekortkominge van Joan Hambidge se teks is dat sy nie dié vroeër Afrikaanse opstelle en studies bespreek nie: hoe byvoorbeeld speel 'n Lacaniaanse teorie van subjektiwiteit en die dekonstruksie van die "mens" in op die beswaar van Van Wyk Louw teen die psigologistiese preokkupasie met die "mens" agter die boek? In watter mate, deur die postulering van die onbewuste, het die psigoanalise nie self die fundamente gelê vir die tot niet making van die outeur en by implikasie die hele humanistiese literatuurbeskouing waarteen Van Wyk Louw te velde trek?

Joan Hambidge se teks is grootliks die produk van verskuiwings wat die

afgelope dertig jaar binne die literatuurwetenskap plaasgevind het en waarvan die invloed op die Afrikaanse letterkunde in die vroeë tagtigerjare voelbaar geword het. Die verskuiwing behels dat die literêre teks nie meer net as 'n linguisties-gefundeerde entiteit gesien word nie, maar as 'n proses waarin subjektiwiteit en ideologie medebepalende semiotiese intertekste is. Die verskuiwing in die literatuurwetenskap is die gevolg van die toenemende belang van die semiotiek as 'n grondwetenskap tot uiteenlopende dissiplines soos die psigologie, die linguistiek, die literatuurwetenskap en elke ander wetenskap waar die teken 'n sentrale plek inneem.

Die sentraliteit van die semiotiek is ook duidelik in *Psigoanalise en lees*. Al die figure, behalwe Jung, wat Hambidge bespreek (Lacan, Deleuze, Derrida en Barthes) se uitgangspunte berus op die grondbeginsels van Saussure. Hierdie figure verteenwoordig 'n bepaalde skool, naamlik "die Franse interpretasies van Freud" (p. 9), 'n skool wat geplaas kan word in teenstelling met die Chomskyaanse Freudiane (Forrester) of die analitiese Freudiane (Donald Davidson), wat miskien nie so "gesaghebbend" in die moderne literatuurwetenskap is nie, maar wat by so 'n teks betrek kon gewees het.

Vanweë die belang van Saussure binne die "Franse interpretasies" is dit jammer dat daar nie vroeg in hierdie teks afsonderlike aandag aan hom gegee word nie. Veral sy sienings van die semiotiek as 'n onderafdeling van die sielkunde kon vrugbaar ontgin word. Saussure, hoewel 'n tydgenoot van Freud, het nêrens direk of spesifiek na die psigoanalise as sielkundige skool verwys nie. Ook Freud wat soms met groot insig oor taal kon skryf, het nêrens getoon dat hy vertrou is met Saussure se werk nie. Die leser wat egter nie vertrou is met Saussure se teks nie sal probleme ondervind met Derridaanse begrippe soos logosentrisme en *écriture* wat Hambidge sonder verduideliking gebruik.

As die weglating van Saussure ongelukkig is, dan is die afwesigheid van 'n hoofstuk oor Freud onverklaarbaar. Die stelling in die inleiding dat Freud "die subteks, eintlik die oerteks in hierdie studie" (p. 4) is, maak die weglating meer opsigtelik. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat dit hier nie gaan oor die psigoanalise nie, maar oor modefigure.

Ten spyte van die fokus op verskillende Franse verteenwoordigers van die psigoanalitiese leesbenadering omskryf sy nie een leesmodel nie, maar 'n veelheid wat soos volg geregtig word:

Elke teks . . . immers die benaderingswyse bepaal, hetsy skisoanalise (Dan Roodt se *oeuvre*), Jungiaans (Sheila Cussons se *oeuvre*) of Lacaniaans (T.T. Cloete se *oeuvre*) (p. 5).

Dit is egter foutief om te redeneer dat 'n teks 'n benaderingswyse kan bepaal. 'n Leesmodel is veronderstel om toegepas te kan word op enige teks.

Die eerste psigoanalitiese leesmodel wat aan bod kom, is dié van Jacques Lacan. Dit is 'n hoofstuk wat van groot nut kon wees vir oningeligte studente indien Hambidge meer gebruik gemaak het van primêre tekste soos *Écrits*. Sy steun egter byna uitsluitlik op Sherry Turkle se *Psychoanalytic Politics: Jacques Lacan and Freud's French Revolution*. Sy maak die stelling:

Om 'n helder uiteensetting van al die nuanses in Lacan se teorieë te gee, is uiteindelik 'n *saak van onmoontlikheid* [my kursief], omdat Lacan nie altyd aantoon wanneer hy van Freud verskil nie. Die skeidslyn tussen teks (Freud) en interpretasie (Lacan) bly deurgaans onduidelik, en ook is daar talle woordspelings in die *Écrits* wat die teks des te meer ontoeganklik maak (p. 11).

'n Mens vermoed dat die ontoeganklike styl van Lacan daartoe gelei het dat voorkeur aan sekondêre bronne gegee is. Bogenoemde uittreksel verraaie egter ook 'n onkunde ten opsigte van die primêre tekste van Freud. Wie Freud se studies asook Saussure se *Course in General Linguistics* ken, sal weet waar die verskil tussen Freud en Lacan lê.

Lacan, omdat hy Freud aan die Franse voorgestel het, is vir Hambidge die beginpunt. Die hoofstuk het dan ook die titel "Die Franse Freud" ('n titel wat op die hele boek van toepassing sou kon wees). Aan die begin van die hoofstuk beskryf sy die verband tussen Freud en Frankryk, sonder om te verwys na Freud se vroeë studiejare in Charcot se Salpêtrière-inrigting. Die werk wat Freud hier gedoen het, het 'n sterk invloed gehad op sy beskouinge oor die belang van die kinderjare vir psigiese ontwikkeling. Hier het Freud lesings bygewoon oor die omvang van kindermishandeling in Frankryk asook oor lykskouings op kinders wat gesterf het as gevolg van sodanige mishandeling.

Volgens Hambidge is 'n psigoanalitiese leesmodel essensieel "subjektief gekleurd" (p. 1) en is alle betekenisgewing gevolglik relatief. Met die oorbeklemtone van die relatiwiteit van die subjektiewe ervaring, weersprek sy juis iets wat baie meer sentraal is binne die psigoanalitiese leesbenadering, naamlik die feit dat die subjek en identiteit konstruksies binne taal is, dat die "relatiwiteit" sisteemgebonde is, en onderlê word deur 'n onbewuste wat gestruktureer is soos 'n taal. Dit is juis hierdie sistematiese aard van die onbewuste wat van die psigoanalise 'n samehangende leesbenadering maak.

Om die psigoanalitiese leesmodel te omskryf met 'n kriptiese sinnetjie soos "'n Lesermodel binne 'n psigoanalitiese verwysingsraamwerk is altyd *per se* subjektief gekleurd, omdat alle interpretasies van die subjek uitgaan" (p. 1) is nie voldoende nie. Ten eerste moet die begrip "subjek" baie noukeuriger gedefinieer word, omdat dit so maklik verwar kan word met die "koherente, outonome ego" wat die psigoanalise bevraagteken. Verder word daar 'n verband tussen subjektiwiteit en subjek veronderstel wat problematies is omdat dit die indruk van 'n onafhanklike en outonome ego kan versterk.

In die hoofstuk oor Lacan word daar tog aandag gegee aan die konstruksie van identiteit binne taal en word die verband tussen taal en onbewuste aangetoon. Wat hier kortkom, is weer eens 'n uiteensetting van die raakpunte tussen Lacan se idees en dié van Saussure: berus die verhouding tussen identiteit en onbewuste byvoorbeeld op 'n soortgelyke dialektiek as dié tussen *parole* en *langue*? Wanneer Hambidge na die Lacan-uitspraak "The unconscious is structured like a language" verwys, maak sy nie die verband tussen "language" en Saussure se *langue* duidelik nie, met die gevolg dat haar argument vaag en onduidelik bly: dit is belangrik om in gedagte te hou dat

langue vir Saussure 'n sisteem behels wat sosiaal gedeel word en wat dateer uit 'n tydperk voor die individuele spreker dit magtig is: dit is dié trans-individuele faktore wat van sentrale belang is wanneer Lacan die onbewuste met taal vergelyk.

In dié hoofstuk gee sy verder 'n opsomming van die belangrikste uitgangspunte van Lacan: die desentralisering van die ego, die imaginêre en simboliese konstruksie van die "ek" in die spieël- en Oedipale fase, die gevoel dat iets ontbreek en die onmoontlike uitreik na die reële orde buite ervaring en taal. Die hoofstuk kon, soos reeds gemeld, 'n belangrike inleiding vir Afrikaanse studente tot Lacan gewees het: ongelukkig volg sinnetjies, paragrawe en argumente nie logies op mekaar nie; word daar geen historiese oorsig gegee van hoe Lacan se denke ontwikkel het nie; in die bibliografie word daar net na een Lacan-tekst verwys en word die implikasies van Lacan se teorie vir die literatuurwetenskap baie kursories en oppervlakkig aangestip.

Die probleme in die Lacan-hoofstuk geld ook vir die ander hoofstukke. Wanneer Hambidge aangewese is op die primêre teks soos in die hoofstuk "Psigoanalise en skisoanalise" waar Gilles Deleuze en Félix Guattari se *Anti-Oedipus* bespreek word, dan is haar argumentasie baie beter gefundeer. Ook die toepassing van Deleuze se teorie op Dan Roodt se tekste is oortuigend.

Die grootste teleurstelling uiteindelik is die "Toepassing"-hoofstuk waar D.J. Opperman se gedig "Kaapse skeepsverf" psigoanalities ontleed word. Van die psigoanalise kom daar min tereg in hierdie ontleding. Dit bly 'n konvensionele saamlees van die gedig en Opperman se biografie: daar is geen oopmaak van die wonde van hierdie teks nie: geen oopbreek van die onbewuste nie. Wat wel duidelik word, is Hambidge se oorevaluasie van die literêre kultusfiguur, Opperman, en daarmee saam die gedig as fetisj. Die sleutelbegrip met betrekking tot die gedig en Hambidge as leser daarvan is "titanic" wat simptomaties as wensvervullende selfverheerliking op so baie maniere uitwys na die imaginêre en simboliese konstruksie van identiteit binne die groter raamwerk van die Afrikaanse letterkunde.

Daar is 'n groot behoefte in Afrikaans in 'n deeglike inleiding tot die psigoanalise. *Psigoanalise en lees* kon voorsien het in dié wesenlike behoefte. Ongelukkig is die teks nie voldoende deurdink en afgerond nie. As pionierswerk is dit 'n belangrike teks, as inleiding tot die psigoanalise misluk dit.

Johan van Wyk, Universiteit van Durban-Westville